**VRAAG 1** **100 punte**

SuperMega (Edms) Bpk ('SuperMega') is ŉ vermaaklikheidsmaatskappy met ŉ wye teenwoordigheid dwarsdeur Suid-Afrika en ŉ mate van teenwoordigheid in ander geselekteerde Afrikalande. Die maatskappy fokus op die verskaffing van digitale satelliet TV-dienste aan sy kliëntebasis, wat uit verbruikers en besighede regoor die ekonomiese waardeketting heen bestaan. Die maatskappy is in 1995 gestig, en sy vermaaklikheidsaanbiedings het met verloop van tyd uitgebrei en sluit ŉ wye verskeidenheid kanale in. Die maatskappy het ongeveer vyf miljoen intekenaars van wie nagenoeg vier miljoen in Suid-Afrika woon.

Jy is die finansiële bestuurder wat besig was om die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 (FJ2017) te finaliseer voordat dit op 8 Augustus 2017 vir uitreiking gemagtig is.

Sleutelinligting met betrekking tot SuperMega:

- SuperMega berei sy finansiële state voor in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards (IFRS).
- SuperMega het IFRS 9 *Financial Instruments* vroeg aangeneem.

**1 Ondersoek deur die Mededingingskommissie en boete**

SuperMega is in Desember 2016 deur die Mededingingskommissie van Suid-Afrika in kennis gestel dat die maatskappy vir nie-mededingende optrede beboet sou word. Die saak hou verband met ŉ ondersoek wat in November 2015 onderneem was, en wat bevind het dat verskeie mediamaatskappye, deur die Media Credit Agency (MCA), ingestem het om soortgelyke kortings en betalingsvoorwaardes aan advertensieagentskappe wat advertensies by MCA-lede geplaas het, te bied. ŉ 20% korting vir betalings binne 45 dae vanaf die staatdatum is aan MCA-lede gebied, terwyl 15% aan nie-lede gebied is.

Die Kommissie het bevind dat hierdie praktyk mededinging onder mededingende maatskappye beperk het aangesien hulle nie ŉ element van die prys in die vorm van òf vereffeningskortings òf handelsvoorwaardes, onafhanklik bepaal het nie. Die Kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie praktyk op prysvasstelling en ŉ oortreding van mededingingswetgewing neerkom.

Na ŉ interne regsondersoek het SuperMega besluit om op 2 Januarie 2017 ŉ goedertrou-betaling (ŉ voorafbetaling om die voorneme aan te dui om die aangeleentheid in ŉ billike, oop en eerlike wyse af te handel) van R50 miljoen te maak. Die bedoeling was dat dit gebruik sou word as ŉ basis vir onderhandelings oor die boete wat uiteindelik betaalbaar sou wees.

***Betalingsalternatief 1***

Die Mededingingskommissie het op 30 Junie 2017 beslis dat SuperMega ŉ boete van R375 miljoen in totaal moes betaal. Dit moes soos volg vereffen word:

- Die goedertrou-betaling wat alreeds gemaak is, sou teen die totale bedrag betaalbaar verreken word;
- ŉ Bykomende R50 miljoen onmiddellik betaalbaar;
- Vyf betalings van R45 miljoen per jaar vanaf 30 Junie 2018; en
- Die saldo van R50 miljoen as ŉ finale betaling op 30 Junie 2022.

Om meer verantwoordelike gedrag en die ontwikkeling van kleiner ondernemings aan te moedig, is SuperMega ook beveel om op 1 Julie 2017 0,5% van sy gemiddelde verdienste voor rente, belasting, depresiasie en amortisasie (VVRBDA) oor die afgelope vyf jaar (FJ2012 tot FJ2016) aan ŉ sake-ontwikkeling liefdadigheidsorganisasie te betaal. Hierdie bedrag sal deur die Media Development and Diversity Agency bestuur word, en sal jaarliks geoudit word.


© SAIGR 2018

SuperMega sal nie vir ’n belastingaftrekking op die boete van R375 miljoen kwalifiseer nie, maar sal vir ’n volle belastingaftrekking op die betaling aan die sake-ontwikkeling liefdadigheidsorganisasie kwalifiseer.

SuperMega se inkomste en sleutel winsgewendheidsverhoudings oor die afgelope vyf jaar was soos volg:

| | FJ2012 | FJ2013 | FJ2014 | FJ2015 | FJ2016 |
|---|---|---|---|---|---|
| Inkomste (Rm) | 6 500 | 6 850 | 7 400 | 7 450 | 7 280 |
| VVRBDA-marge | 36% | 35% | 37% | 36% | 34,5% |
| Netto winsmarge | 11% | 9% | 13% | 12% | 11% |

***Betalingsalternatief 2***

As ’n alternatief sou die Mededingingskommissie SuperMega toelaat om die boete met ’n enkele kontantbetaling van R250 miljoen te vereffen. Hierdie bedrag sou bykomend tot die goedertroubetaling van R50 miljoen wees. Die maatskappy sou vyf dae vanaf 30 Junie 2017 hê om hierdie bedrag te betaal. Geen betaling aan die sake-ontwikkeling liefdadigheidsorganisasie sou met hierdie opsie vereis word nie.

***Voorgestelde finansieringsopsies***

SuperMega se hoof uitvoerende beampte, Honey Malone, het die onderstaande alternatiewe aan die direksie voorgestel vir vereffening van die bedrae verskuldig aan die Mededingingskommissie:

1 Gebruik bedryfskontantvloei om die skuldlas te vereffen;
2 Verkoop die maatskappy se hoofkantoorgebou (gewaardeer teen ongeveer R450 miljoen), of as alternatief, gaan ’n verkoop- en terughuurtransaksie met betrekking tot die eiendom aan;
3 Gebruik korttermynskuldfasiliteite; of
4 Verkry bykomende finansiering deur aandele aan òf bestaande òf nuwe eksterne aandeelhouers uit te reik.

## 2 BPL-uitsaairegte

SuperMega het op 1 Julie 2016 die uitsaairegte vir sokkerwedstryde van die Britse Premierliga (BPL) vir R3 500 miljoen verkry. Hierdie ooreenkoms gee SuperMega tot 30 Junie 2021 alleenreg op die uitsending van alle BPL-wedstryde dwarsoor die hele Suider-Afrika. SuperMega het die transaksie, gegewe sy aanvanklike vooruitgeskatte kontantvloeiverwagtinge, as ’n winskoop beskou. Weens politieke onstabiliteit, stygende werkloosheid en stadige ekonomiese groei, was aanvanklike groei in intekenings (Eng.: ‘subscriptions’) egter teleurstellend. SuperMega se bestuur het gevolglik die vooruitgeskatte kontantvloeiverwagtinge wat uit die uitsaairegte sou voortspruit, op 30 Junie 2017 verminder (kyk punt 3.3 hieronder).

Die enigste joernaalinskrywings wat SuperMega met betrekking tot uitsaairegte vir FJ2017 verwerk het, is soos volg:

| | | Dt | Kt |
|---|---|---|---|
| | | **R miljoen** | **R miljoen** |
| 1/07/2016 | Uitsaaireg: BPL (SvFP) | 3 500 | |
| | Bank (SvFP) | | 3 500 |
| | *Koop van BPL-uitsaairegte (vyf jaar)* | | |


© SAIGR 2018

| | | Dt | Kt |
|---|---|---|---|
| | | R miljoen | R miljoen |
| 2/01/2017 | Uitsaaireg: Goedertroubetaling (SvFP) | 50 | |
| | Bank (SvFP) | | 50 |
| | *Goedertroubetaling aan Mededingingskommissie* | | |

### 3 Aanvanklike uitvoerbaarheidstudie

Die aanvanklike ontleding, wat deur Honey uitgevoer is en wat gebruik is om die verkryging van die BPL-uitsaaregte te regverdig, was gebaseer op 'n finansiële uitvoerbaarheidsontleding en bemarkingstudie wat vroeg in 2016 uitgevoer is. Haar berekeninge word hieronder weergegee (kontantvloei is voor belasting):

| **Finansiële jaar – Junie** | **2016** | **2017** | **2018** | **2019** | **2020** | **2021** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **3.1 Vooruitskattings wat BPL-ooreenkoms ignoreer** | | | | | | |
| SuperMega-intekenaars (miljoen) | | 5,00 | 4,97 | 4,94 | 4,97 | 5,07 |
| Markaandeel | | 80% | 78% | 76% | 75% | 75% |
| Totale markgrootte (miljoen) | | 6,25 | 6,38 | 6,50 | 6,63 | 6,77 |
| | | | | | | |
| Totale jaarlikse advertensie-inkomste (Rm) | | 3 400 | 3 488 | 3 660 | 3 864 | 3 930 |
| Intekeninkomste (Rm) | | 5 100 | 5 231 | 5 490 | 5 796 | 5 895 |
| | | 8 500 | 8 719 | 9 150 | 9 660 | 9 825 |
| Jaarlikse intekeninkomste per intekenaar (R) | | 1 020 | 1 053 | 1 111 | 1 166 | 1 163 |
| Inkomste uit advertensies/totale inkomste | | 40% | 40% | 40% | 40% | 40% |
| Inkomste uit advertensies/intekeninkomste | | 67% | 67% | 67% | 67% | 67% |
| | | | | | | |
| **3.2 Vooruitskattings met aanname dat BPL-ooreenkoms onderteken is** | | | | | | |
| SuperMega-intekenaars (miljoen) | | 5,13 | 5,23 | 5,33 | 5,44 | 5,55 |
| Markaandeel | | 82% | 82% | 82% | 82% | 82% |
| Totale markgrootte (miljoen) | | 6,25 | 6,38 | 6,50 | 6,63 | 6,77 |
| | | | | | | |
| Inkrementele advertensie-inkomste (Rm) | | 225 | 487 | 789 | 995 | 1 076 |
| Inkrementele intekeninkomste (Rm) | | 338 | 730 | 1 184 | 1 493 | 1 614 |
| | | 563 | 1 217 | 1 973 | 2 488 | 2 690 |
| Koste van uitsaairegte (Rm) | (3 500) | | | | | |
| Netto huidige waarde (Rm) | 2 131 | | | | | |
| | | | | | | |

Alhoewel dit nie op die tydstip toe die besluit geneem is om die BPL-uitsaairegte te verkry aan die direksie bekend gemaak is nie, het Honey genoem dat sy onseker was hoe om die onderstaande faktore in haar ontleding te inkorporeer:

- SuperMega het toegestem tot 'n bemarkingsveldtog om bewustheid van die nuwe uitsaairegte wat verkry is, te bevorder. Daar is geprojekteer dat die koste R75 miljoen per jaar sal beloop (bo en behalwe bestaande bemarkingsbesteding).
- Die koste van die aanvanklike uitvoerbaarheidstudie en markontleding van R5 miljoen wat in FJ2016 betaal is.

Na die verkryging van die BPL-uitsaairegte was die werklike (vir FJ2017) en hersiene (vir FJ2018 tot FJ2021) markaandeel, aantal intekenare en inkomste soos volg:

| **Finansiële jaar** | **2016** | **2017** | **2018** | **2019** | **2020** | **2021** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **3.3 Hersiene vooruitskattings** | | | | | | |
| SuperMega-intekenaars (miljoen) | | 4,96 | 5,06 | 5,16 | 5,26 | 5,37 |
| Markaandeel | | 81% | 81% | 81% | 81% | 81% |
| Totale markgrootte (miljoen) | | 6,13 | 6,25 | 6,37 | 6,50 | 6,63 |
| | | | | | | |
| Inkrementele advertensie-inkomste (Rm) | | (70) | 168 | 445 | 623 | 673 |
| Inkrementele intekeninkomste (Rm) | | (104) | 252 | 667 | 934 | 1 010 |
| | | (174) | 420 | 1 111 | 1 557 | 1 683 |
| | | | | | | |

## 4 Aksieplan rakende markoorheersing

In die lig van die Mededingingskommissie se boete en onlangse interaksies met industrieliggame, is SuperMega se direksie bekommerd oor sy toekomstige response op moontlike regulatiewe veranderinge in sy bedryf. Dit volg na ŉ tydperk van besonder negatiewe publisiteit met betrekking tot monopolieë in Suid-Afrika en pryse vir eindgebruikers in die lig van die moeilike makro-ekonomiese omgewing. Die uittreksel hieronder uit ŉ vooraanstaande plaaslike koerant deur ŉ aktivistiese verbruikersgroep lig die negatiewe publisiteit uit.

**Tot voordeel van ŉ paar – Betaal-TV in Suid-Afrika**

Ondanks klagtes en onafgehandelde regsgedinge lyk dit asof toegang tot inligting en internasionale inhoud steeds die eksklusiewe reg van die minderheid en die bevoorregtes bly. Dit is duidelik dat SuperMega die dominante speler in die mark is – en klaarblyklik aansienlike beheer oor die mark uitoefen.

Daarbenewens het die maatskappy sy posisie misbruik, soos die onderstaande bewys:

1. ***Eksklusiwiteit van inhoud:*** Die aard van die eksklusiewe kontrakte aangegaan tussen die verskaffers van inhoudsregte en uitsaaiers beteken dat SuperMega in werklikheid geen mededinging het wanneer hulle regte bekom nie en gevolglik die alleeneienaar van die regte is.
2. ***Nasionale sportbyeenkomste:*** SuperMega het eksklusiewe regte om ons nasionale sportspanne se wedstryde uit te saai, met inbegrip van ons atlete se optrede by die Olimpiese Spele en Suid-Afrikaanse deelname aan Sokkerwêreldbeker byeenkomste, wat toegang deur armer huishoudings beperk.
3. ***Intekenfooie:*** Om na direkte uitsendings van sportwedstryde te kan kyk, moet verbruikers op SuperMega inteken. Gegewe die manier waarop inhoudbondels gestruktureer is – ongeag behoeftes en voorkeure – moet gebruikers òf ŉ duur bondel koop òf heeltemal afsien van toegang tot die byeenkomste.

Die direksie het gevolglik besluit dat Honey ŉ aksieplan moes voorberei om hierdie kwessies aan te spreek. Sy het die onderstaande sleutel risiko's geïdentifiseer:

- Toenemende litigasie as gevolg van kommer oor moontlike markoorheersing en kliëntklagtes.
- Verdere ondersoeke van SuperMega deur die Mededingingskommissie as gevolg van die groter besorgdheid oor die maatskappy se monopolistiese posisie en die eienaarskap van sleutel inhoud.
- Die risiko dat die uitsaairegteproses in die toekoms aan meer noukeurige ondersoeke deur die regulerende liggaam onderworpe sou wees, met die instelling van ŉ meer mededingende bodproses.


© SAIGR 2018

- SuperMega kan moontlik gedwing word om inhoud teen 'n gesubsidieerde koers aan wedywerende betaal-TV-stasies te verkoop om mededinging in die sektor te verhoog.
- SuperMega kan moontlik gedwing word om 'n 'gratis uitsaaibeleid' met betrekking tot nasionale sportbyeenkomste in te stel om toegang te verleen aan huishoudings wat nie sy dienste kan bekostig nie maar nie die reg ontsê behoort te word om na nasionale sportbyeenkomste in internasionale arenas te kyk nie.
- Skade aan SuperMega se reputasie weens die voortslepende negatiewe mediapublisiteit.

## 5 Mediumtermyn skuldbewysprogram (Eng.: 'medium-term note programme')

Om likiditeit te genereer, het SuperMega se tesouriebestuur besluit om skuldbriewe in ooreenstemming met SuperMega se mediumtermyn skuldbriefprogram uit te reik. Die onderstaande is 'n uittreksel uit die tersaaklike prysbepalingsbylae:

| **Tersaaklike prysbepalingsbylae – uittreksel** | |
|---|---|
| Uitreiker | SuperMega (Edms) Bpk |
| Nominale bedrag | R625 miljoen (R1 miljoen per skuldbrief) |
| Tipe | Vaste koers omskepbare skuldbrief |
| Koeponkoers | 4% vaste nominale koers per jaar kwartaalliks agterna betaalbaar |
| Omskeppingskeuse | Na die keuse van die houer na vyf jaar (1 Januarie 2022) |
| Omskeppings-voorwaardes | 10 000 SuperMega gewone aandele vir elke vier skuldbriewe gehou. Skuldbriewe wat nie omskep word nie, sal teen hul nominale bedrag afgelos word. |
| Uitreikingsdatum | 1 Januarie 2017 |
| Vervaldatum | 1 Januarie 2022 |

SuperMega het op 1 Januarie 2017 625 skuldbriewe teen hul billike waarde van R800 000 elk uitgereik, deur middel van 'n privaatplasing aan Suid-Afrikaanse maatskappye. Transaksiekoste van R5 miljoen is aangegaan. Op dieselfde datum was die markrentekoers van 'n soortgelyke instrument sonder die omskeppingsopsie 'n 12% vaste nominale koers per jaar kwartaalliks agterna betaalbaar.

## 6 Bykomende inligting

- Die maatskappybelastingkoers in Suid-Afrika is 28%.
- SuperMega se geweegde gemiddelde koste van kapitaal (GGKK) is ongeveer 14%. Die maatskappy se na-belasting skuldkoste word naastenby deur sy GGKK weergegee.
- Kort na die skuldbriefuitreiking het die Suid-Afriaanse Inkomstediens 'n belastingreëling met betrekking tot die skuldbriewe uitgereik, waarin die volgende verklaar is:
    - Alle rente betaal op die skuldbriewe (insluitend die amortisasie van enige premie of diskonto) sou vir belastingdoeleindes geag word aftrekbaar te wees;
    - Die opbrengs-tot-vervaldatummetode, wat soortgelyk is aan die effektiewe rentekoersmetode wat in IFRS 9 toegepas word, moes vir hierdie doel gebruik word; en
    - Enige transaksiekoste met die uitreiking aangegaan, sou vir belastingdoeleindes aftrekbaar wees in die belastingjaar waarin hierdie koste aangegaan word.
- Uitsaairegte wat verkry is, is oor 'n driejaartydperk vir belastingdoeleindes aftrekbaar.
- Waar van toepassing en tensy die teendeel blyk, is die billike waarde min koste om te verkoop gelykstaande aan waarde in gebruik.
- SuperMega het alle finansiële laste teen geamortiseerde koste ingevolge IFRS 9 gemeet.
- Alle bedrae is wesenlik.


© SAIGR 2018

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2018**
**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL I – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bereken, en kom tot 'n slotsom oor, watter alternatief vir die vereffening van die boete van die Mededingingskommissie die goedkoopste vir SuperMega sou wees. | 10 | 10 |
| (b) | Identifiseer en bespreek die faktore wat SuperMega moes oorweeg het tydens die besluit of die maatskappy alternatief 1 of 2 vir die vereffening van die boete van die Mededingingskommissie moes gekies het.<br><br>Berekeninge word nie verlang nie.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 8<br><br><br><br>*1* | 9 |
| (c) | Identifiseer en bespreek die nadele van elk van die voorgestelde finansieringsopsies wat Honey vir die vereffening van die boete van die Mededingingskommissie geïdentifiseer het.<br><br>*Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | 12<br><br>*1* | 13 |
| (d) | Gebaseer op die bygewerkte inligting in punt 3.3 van die aanvanklike uitvoerbaarheidstudie –<br>(i) beraam of die BPL-uitsaai-ooreenkoms finansieel uitvoerbaar en winsgewend sou gewees het; en<br>(ii) identifiseer enige ander faktore wat oorweeg moes word tydens die evaluering van die uitsaai-ooreenkoms.<br><br>Rond alle bedrae waar van toepassing tot die naaste R1 miljoen af. | 8<br><br>7 | 15 |
| (e) | Identifiseer en beskryf potensiële optrede wat SuperMega sou kon onderneem om die risiko's en kwessies geopper onder die aksieplan rakende markoorheersing, te verminder.<br><br>*Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse* | 10<br><br>*1* | 11 |
| **Totaal vir deel I** | | | **58** |


© SAIGR 2018

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JUNIE 2018**
**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in ʼn afsonderlike antwoordboek.**

<table>
<tr><th colspan="2" rowspan="2">VRAAG 1 DEEL II – VERLANG</th><th colspan="2">Punte</th></tr>
<tr><th>Sub-totaal</th><th>Totaal</th></tr>
<tr><td>(f)</td><td>Bespreek onder watter klassifikasie SuperMega die onderstaande items in sy kontantvloeistaat vir FJ2017 moes aanbied:<br>(i) Die goedertroubetaling van R50 miljoen;<br>(ii) Die aankoop van die BPL-uitsaairegte; en<br>(iii) Die uitreiking van die skuldbriewe.<br>Ignoreer vergelykende syfers.<br>Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse</td><td>2<br>2<br>2<br>1</td><td>7</td></tr>
<tr><td>(g)</td><td>Berei alle joernaalinskrywings voor wat benodig word om die skuldbriewe wat op 1 Januarie 2017 deur SuperMega uitgereik is, in SuperMega se finansiële state vir FJ2017 te verantwoord.<br>• Sluit joernaalinskrywings in wat met lopende en/of uitgestelde belasting verband hou.<br>• Ignoreer sluitingsjoernaalinskrywings.<br>• Rond alle bedrae tot die naaste rand af.</td><td>19</td><td>19</td></tr>
<tr><td>(h)</td><td>Berei alle aansuiweringsjoernaalinskrywings voor wat nodig is om die BPL-uitsaairegte korrek in SuperMega se finansiële state vir FJ2017 te verantwoord.<br>• Sluit joernaalinskrywings wat met uitgestelde belasting verband hou in.<br>• Ignoreer lopende belasting.<br>• Veronderstel vir finansiële verslagdoeningdoeleindes dat ʼn diskontokoers van 25% (voor belasting) en 20% (na belasting), die risiko's in verband met die uitsaairegte weerspieël.<br>• Ignoreer sluitingsjoernaalinskrywings.<br>• Rond alle bedrae tot die naaste rand af.</td><td>15</td><td>15</td></tr>
<tr><td colspan="2">Kommunikasievaardighede vir dele (g) en (h) – aanbieding</td><td></td><td>1</td></tr>
<tr><td colspan="2">Totaal vir deel II</td><td></td><td>42</td></tr>
<tr><td colspan="2">TOTAAL VIR DIE VRAAG</td><td></td><td>100</td></tr>
</table>


© SAIGR 2018